



Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds

Maart 2012 Volume 18

1. Beleggingsprestasie: 2011
2. Toewysing van bydraes tot die fonds
3. Jongste wetgewingskwessies
4. Veranderinge in reëls
5. Projeksiestate
6. AF Online: u intydse bron van inligting
7. Veranderinge in hoe SA se inflasie gemeet word
8. Voordeelstate soos op 31 Desember 2011
9. Aftrede: 'n hartseer einde of 'n nuwe begin
10. Benoemingsvorms vir begunstigdes
11. Bestuur van die fonds
12. Die fonds se diensverskaffers
13. Belangrike kontakbesonderhede

Beplanning en spaar vir u aftrede verg persoonlike dissipline en kennis. Alhoewel u as 'n lid van die *Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds* reeds ondersteuning in hierdie verband ontvang, bly dit 'n tweerigtingproses met die fonds waarin u vir u toekoms beplan. Hierdie jaarlikse nuusbrieff sal u inlig oor die fonds se beleggings, die bestuur van die fonds en ander nuus wat dit beïnvloed, soos veranderinge in wetgewing. Neem die tyd om hierdie nuusbrieff te lees. U moet uself toerus met die essensiële inligting om u aftrede na 'n vlak te neem waar u gemaklik kan leef en die latere jare van u lewe geniet.

1. Beleggingsprestasie: 2011

Die geld wat in die fonds gehou word, word belê met die doel om te verseker dat dit vinniger groei as inflasie. Die inligting wat volg sal u op datum bring van die plaaslike en globale ekonomiese prestasie.

Daar is hoop dat die ekonomie sal begin herstel, maar volgehoue ekonomiese herstel blyk nog ver weg te wees. As gevolg van natuurrampe en politieke oproer was 2011 'n jaar van ekonomiese oproer en onsekerheid. Die revolusies in baie Afrika- en Midde-Oosterse lande sal moontlik as 'n katalisator dien vir ekonomiese groei in die toekoms, maar hierdie ekonomieë moet eers herbou word en dit is onwaarskynlik dat hulle ondersteuning vanuit die ontwikkelde wêreld sal ontvang wat met hulle eie finansiële krisis sit.

Markprestasie

Die *MSCI World Index* het 'n opbrengs van 15.9% (in Rand) gelewer vir 2011. Die globale effektemark was 29.8% hoër (in Rand). Plaaslik het die FTSE/JSE 'n opbrengs van 2.7% (in Rand) gelewer, met die plaaslike effektemark wat 8.8% (in Rand) gelewer het.

FNB en die Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO) stel elke kwartaal die FNB/BEO verbruikersvertroue indeks op. Die indeks ondersoek sake- en verbruikersvertroue.

Die FNB/BEO verbruikersvertroue indeks het tot +5 gestyg. Suid-Afrika se inflasiekoers in November 2011 was 6.1% en daar word verwag dat dit bo die Reserwebank se boonste teikenperk vir 2012 sal bly.


Bateklasprestasie vir die tydperk tot 31 Desember 2011:

Bateklasse	K4 2011	2011	2010	2009	3 jaar	5 jaar
Plaaslike aandele	8.50%	2.70%	19.02%	32.05%	17.30%	8.20%
Plaaslike effekte	3.50%	8.80%	15.20%	-1.15%	7.40%	8.60%
Plaaslike kontant	1.40%	5.70%	6.93%	9.13%	7.20%	8.60%
Wêreldaandele	8.20%	15.90%	0.93%	4.18%	6.80%	0.90%
Wêreldeffekte	0.30%	29.80%	-5.51%	18.32%	0.10%	10.10%
Wêreldkontant	0.40%	22.10%	-10.00%	-20.2%	-4.30%	4.10%

**Let asseblief daarop dat die opbrengste vir die globale bateklasse van dollar in Rand omgeskakel is. Daarbenewens is die globale kontantopbrengs die Amerikaanse drie-maande skatkiswissel.*

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

'n Belegging van R100 in die gebalanseerde portefeulje van die fonds sou oor die afgelope drie jaar soos volg gegroei het:



Die trustees monitor die prestasie van al die beleggingsbestuurders op 'n voortgesette basis en probeer verseker dat die lang termyn beleggingsprestasie in lyn is met of selfs beter is as die onderskeie maatstawwe.

Die tabel hieronder illustreer die fonds se portefeulje opbrengste vir die tydperk tot 31 Desember 2011, tesame met 'n vergelyking van die beleggingsprestasie van ander bestuurders in Suid-Afrika. Die totale fondsoopbrengste is netto van beleggingskoste. Maatstawwe is ook aangepas om rekening te hou met beleggingskoste, waar van toepassing.

	<i>1 jr (p.a.)</i>	<i>3 jr (p.a.)</i>	<i>5 jr (p.a.)</i>
Plaaslike Bates			
Allan Gray	8.4%	14.5%	10.4%
Coronation	6.0%	18.9%	11.9%
Prudential	7.1%	15.8%	Nie beskikbaar nie
<i>Mediaan plaaslike bestuurder¹</i>	<i>6.6%</i>	<i>15.9%</i>	<i>9.8%</i>
<i>Top kwartiel plaaslike bestuurder¹</i>	<i>7.9%</i>	<i>16.4%</i>	<i>10.7%</i>
Internasionale Bates			
Allan Gray International	16.9%	-0.2%	5.0%
Contrarius	Nie beskikbaar nie	Nie beskikbaar nie	Nie beskikbaar nie
<i>Internasionale indeks-maatstaf²</i>	<i>20.4%</i>	<i>4.9%</i>	<i>3.79%</i>
Totale Fonds³	9.7%	13.3%	9.8%
<i>Mediaan bestuurder (plaaslik en internasionaal)⁴</i>	<i>7.6%</i>	<i>13.6%</i>	<i>8.1%</i>
<i>Inflasie</i>	<i>6.1%</i>	<i>5.3%</i>	<i>7.0%</i>

¹ SA Large Manager Watch Best Investment View (insluitend Allan Gray)

² Die maatstaf word bereken as 70% van die MSCI World Index en 30% van die Salomon Brothers World Government Bond Index.

³ Sluit surplus indeks verheffing van 0.5% soos in Maart 2010 uit.


⁴ Global Large Manager Watch Best Investment View

Op 31 Desember 2011 het die gebalanseerde beleggings van die fonds **R1,780,891,745** beloop en is dit soos volg belê:

Allan Gray : R527,978,395
Coronation : R521,111,932
Prudential : R354,287,883
Contrarius : R180,030,294
Allan Gray Internasionaal: R197,483,241

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes⁵ het op 31 Desember 2011 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest : R 6,166,227
IS Banker : R63,121,580



Huidige beleggingsopsies

Die meerderheid lede van die fonds word in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede kan egter ook kies om die Individuele Beleggingsplan roete te volg, waar hulle met behulp van 'n finansiële adviseur 'n persoonlike beleggingsportefeulje kan saamstel. Laastens het lede wat ouer as 53 is die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje te belê (die kapitaalbeskermingsopsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede bogenoemde keuses uitoefen.

Net om die geheue te verfris: in terme van die fonds se **lewensfasemodel** word lede outomaties en geleidelike na die kontantportefeulje geskuif in die jaar waarin hulle 63 word (sou hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsopsies wat vir hulle beskikbaar is, te bly nie). Aan die einde van die jaar waarin hierdie lede 65 word, sal ongeveer 50% van hulle fondskrediet in die gebalanseerde portefeulje en 50% in die kontantportefeulje belê wees.

2. Toewysing van bydraes tot die fonds

Die lede van die fonds dra by tot aftrede volgens hulle verkose bydrae-kategorie. Afhangend van die lid se keuse, kan lede 10%, 12.5%, 15%, 17.5% of 20% van pensioendraende vergoeding tot die fonds bydra, buiten die bydraes wat gemaak word tot die eggenoot en kinders se pensioen en ongeskiktheidsdekking.

Die trustees van die USAF het 'n reëlwyssing aangevra wat lede sou toelaat om addisionele lid-bydraes tot die Universiteit se aftrefonds te maak om sodoende hulle aftreevoordele te verhoog. Die reëlwyssing is deur die Finansiële Dienste Raad en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens goedgekeur.

Lede wat die maksimum bydrae van 20% maak, het die geleentheid om **addisionele lid-bydraes** te maak. Lede moet daarop let dat die addisionele bydraes net deur die werknemer gemaak word, en nie deur die werkgewer soos in die geval van die bestaande bydrae-kategorieë nie. Die addisionele bydraes tot die fonds geskied dus op 'n na-belaste basis as 'n gewone salarisafrekkings.

Die volgende beginsels sal van toepassing wees:

- Addisionele lid-bydraes kan jaarliks saam met die jaarlikse pakketstrukturering gekies word of wanneer daar 'n verandering in koste van indiensname plaasvind.
- Addisionele lid-bydraes kan eers gemaak word wanneer die lid reeds 'n werkgewer-bydraekoers van 20% tot die aftrefonds gekies het.
- Die lid-bydraes vind in een van twee kategorieë plaas:
 - 1) Addisionele bydraes word bereken as 'n persentasie van die lid se pensioendraende salaris.
 - ▶ Die lid kan een van die volgende addisionele bydraekoerse kies, naamlik 2.5%, 5%, 7.5% of 10% van die pensioendraende salaris.
 - ▶ Bydraes word herbereken vanaf die eerste dag van die maand waarin die pensioendraende salaris aangepas word.

⁵ Die *Investment Solutions (IS) FullVest* portefeulje het vroeër gedien as die beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie en is in November 2004 met die *IS Banker* portefeulje vervang.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

2) 'n Maandelikse vaste bydrae, bv. R100 per maand.

- ▶ Daar moet daarop gelet word dat hierdie bedrag nie jaarliks outomaties aangepas word nie en dat die bedrag in die daaropvolgende jaar steeds dieselfde sal wees. Die lid moet dus self die bedrag jaarliks aanpas indien so verkies.
- Dit is die lid se verantwoordelikheid om tydens die jaarlikse pakketstrukturering te besluit om met die addisionele lid-bydraes voort te gaan al dan nie.
- Geen administrasiekoste word op die addisionele lid-bydraes verhaal nie. Beleggingskoste is egter wel op die addisionele bydraes van toepassing.

Indien u graag addisionele bydraes tot die fonds wil maak, stuur 'n e-pos aan Robert van Staden by Menslike Hulpbronne by rwvs@sun.ac.za of skakel hom op (021) 808-4822.

Die toewysing tot die fonds en ongeskiktheidskema op 1 Januarie 2012 was soos volg:

Toewysing van lid se bydraes					
Totale bydrae per kategorie	11.295%	13.795%	16.295%	18.795%	21.295%
Min: Ongeskiktheidspremie	0.325%	0.325%	0.325%	0.325%	0.325%
Min: Premie vir eggenoot- en kinderpensioen	0.97%	0.97%	0.97%	0.97%	0.97%
Min: Administrasiekoste	0.35%	0.35%	0.35%	0.35%	0.35%
Bydrae tot aftrede	9.65%	12.15%	14.65%	17.15%	19.65%

Let asseblief daarop dat werknemers ook bydra tot aparte eggenotedekking and aparte lewensversekering wat nie deur die fonds verskaf word nie en ook nie hier gewys word nie.

3. Jongste wetgewingskwessies

Hierdie afdeling van u trusteeverslag verskaf inligting oor belangrike veranderinge in wetgewing wat in die verslagjaar in werking getree het. Wetgewende veranderinge kan u aftreespaargeld beïnvloed, dus sal u op hoogte wees van sake indien u hierdie afdeling lees.

Regulasie 28 – meer tyd om aan die nuwe perke te voldoen

Aftreefondse en lede van aftreefonds het tot die einde van 2011 gehad om te voldoen aan die nuwe beleggingsperke in die gewysigde Regulasie 28 van die *Wet op Pensioenfondse*. Die Finansiële Dienste Raad (FDR) het fondse en fondslede 'n vrystellingstydperk van ses maande gegun om te voldoen aan die nuwe beleggingsperke ná die nuwe Regulasie 28 op 1 Julie 2011 in werking getree het.

Onder die gewysigde Regulasie 28 sal elke lid se beleggings moet voldoen aan die beleggingsperke, insluitend die perk op die belegging van meer as 75% in aandele en 25% in buitelandse bates. Uittree-annuïteitfondse en groter pensioenfondse wat hulle lede 'n mate van keuse in onderliggende beleggings gun, sal veral dankbaar wees vir die venstertydperk om seker te maak dat daar deur elke lid voldoen word.

Vanaf Januarie 2012 sal fondse kwartaallikse verslae moet indien oor beleggingsvlakke vir die fonds as 'n geheel en met betrekking tot die beleggings van individuele lede.

Bron: Alexander Forbes Asset Consultants en Personal Finance

4. Veranderinge in reëls

Elke aftreefonds se stel reëls moet by die Registrateur van Pensioenfondse (FDR) geregistreer word en deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur word. Veranderinge in hierdie reëls moet ook met die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer word en deur SAID goedgekeur word.

Die volgende veranderinge aan die reëls is in die afgelope jaar aan die FDR en die SAID voorgelê:

<i>Nr</i>	<i>Oogmerk</i>	<i>Effektiewe datum</i>	<i>Goedgekeur: FDR</i>	<i>Goedgekeur: SAID</i>
Gewysigde Reëls 1	– Om te spesifiseer dat die Fonds as 'n "sambreelfonds" beskou word.	1 Junie 2011	Goedkeuring word afgewag	Goedkeuring word afgewag
	– Om die bepalinge wat verband hou met die rol en verkiesing van sekondus trustees te verander.	1 Des 2011	Goedkeuring word afgewag	Goedkeuring word afgewag

Die reëls kan by die fonds se geregisteerde adres besigtig word.

5. Projeksiestate

Projeksiestate word saam met die Fonds se voordelestete verskaf. Hierdie state illustreer die Netto Vervangingsverhoudings wat lede met aftrede kan verwag, onderhewig aan verskillende groeiscenario's vir beleggings. Van belang is dat die Netto Vervangingsverhoudings op 'n lid se pensioendraende salaris gebaseer word, wat op sy beurt slegs 75% van 'n lid se totale koste van indiensname uitmaak. Byvoorbeeld, met u aftrede kan u kan verwag om slegs 60% van u totale finale salaris as pensioen te ontvang indien die projeksiestaat aandui dat u 'n Netto Vervangingsverhouding van 80% sal ontvang. Dit is dus belangrik om addisionele aftreebefondsing te oorweeg ten spyte van 'n relatief hoë Netto Vervangingsverhouding in u projeksiestaat.

Lede kan bykomende finansiële modellering op AF Online doen, soos hieronder bespreek.

6. AF Online: u intydse bron van inligting

Die trustees moedig u aan om meer betrokke in u aftreebeplanning te wees. AF Online is 'n praktiese intydse fasiliteit waar u intydse inligting oor u aftreespaargeld kan kry. Bly op hoogte van u beleggingsinligting en fondsvoordele op die AF Online webblad. Alle lede van die fonds kan toegang tot die webblad kry via www.afonline.co.za.

7. Veranderinge in hoe SA se inflasie gemeet word

Veranderinge in hoe SA se inflasie gemeet word

Suid-Afrika se statistieke agentskap – Statistiek Suid-Afrika – het in November 2011 aangekondig dat dit van plan was om die manier waarop dit inflasie meet, te verander. Die veranderinge is aangebring om 'n akkurate beeld van maatskaplike en ekonomiese tendense te weerspieël.

In 2009 het Suid-Afrika een van sy inflasiemaatstawwe (die Verbruikersprysindeks) verander, 'n nuwe basis gegee en weer geweeg as gevolg van nuwe bestedingspatrone in die algemene bevolking en om die indeks meer in lyn te bring met globale praktyke. Die Reserwebank kyk na inflasiekoerse wanneer dit monetêre beleid bepaal, terwyl baie werkgewers en unies inflasie gebruik as 'n sleutelmaatstaf wanneer jaarlikse salarisverhogings bepaal word.

Wat is inflasie?

Inflasie is die verhoging in pryse mettertyd. Die eenvoudigste manier om dit te begryp is om daaraan te dink dat u 'n jaar gelede meer met R1 kon koop as vandag. Daar is verskillende maniere waarop inflasie gemeet word. Die twee algemeenste metodes is die verbruikersprysindeks (VPI) en die produsenteprysindeks (PPI). Die meeste van ons is meer vertrouwd met VPI omdat dit gebaseer is op die pryse van goedere en kommoditeite wat ons in ons daaglikse lewens gebruik.

Ontsyfering van VPI en PPI

- Die verbruikersprysindeks toon die verhoging in die prys van 'n 'mandjie' goedere en dienste wat 'n 'gemiddelde' verbruiker sou koop. Dit meet inflasie elke maand en elke jaar.
- Op dieselfde manier meet die produsenteprysindex m.b.v. voorafbepaalde parameters die kostes van 'n tipiese Suid-Afrikaanse produsent.

Die VPI word dus gebruik om stygende pryse (inflasie) te meet wat huishoudings ervaar, terwyl die PPI gebruik word om die verhoging in pryse (inflasie) te meet wat produsente ervaar. Die PPI meet veranderinge in pryse in die vroeë stadiums van produksie, vóór hierdie prysveranderinge 'n kans gehad het om tot huishoudings deur te syfer. As gevolg hiervan word die PPI beskou as 'n vroeë aanduier aanwyser van toekomstige veranderinge in die VPI inflasiekoers, wat op sy beurt vir u as verbruiker sal raak.

Die veranderinge in die VPI en PPI maatstawwe

Beide die VPI en die PPI word tans elke vyf jaar bygewerk (weer geweeë). Voorts:

- Sal die VPI elke drie jaar bygewerk word. Die volgende hersiening van die gewigte sal in Januarie 2013 plaasvind en die Lewensomstandighede-opname sal gebruik word om die 'mandjie' by te werk.
- Die PPI sal vanaf 2014 elke jaar bygewerk word. Statistiek SA sal van die 'alle goedere' PPI ontslae raak en dit in vyf bedryfs-PPI's verdeel, naamlik landbou, mynwese, elektrisiteit, semifinale goedere en finale goedere. Die PPI vir finale goedere sal die nuwe hooflyn PPI uitmaak, aangesien dit die effekte van prysveranderinge deur die produksiestadia sal voorstel.

Die veranderinge sal ook beteken dat daar meer akkurate korrelasie tussen die VPI en PPI maatstawwe sal wees.

U eie, persoonlike inflasie-rekenaar

Indien u vermoed dat u persoonlike inflasiekoers baie hoër is as die amptelike koers en dat u salarisverhogings nie tred hou met u lewenskoste nie, sal u beslis belang stel in die persoonlike inflasie-rekenaar op die webblad van Statistiek SA. Deur die waarde van die goedere en dienste wat u gereeld koop of gebruik in te vul, sal die rekenaar u 'n syfer gee wat u persoonlike inflasiekoers voorstel. Kry dit op www.statssa.gov.za/net/cpi_calc/index.aspx. U sal u inflasiekoers kan vergelyk met die amptelike koerse vir die jaar, wat u elders op die blad sal kry (volg die 'Key Indicators' skakel op die tuisblad).

Geskryf deur die Alexander Forbes kommunikasie departement

Bronne: SAID, Fin24, www.statssa.gov.za, <http://liberta.co.za>, moneyweb.co.za

8. Voordeelstate soos op 31 Desember 2011

Saam met hierdie nuusbrieff het u u jaarlikse voordeelstaat ontvang wat besonderhede verskaf van die bydraes wat namens u aan die fonds betaal word, en die waardes van u uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids- en aftreevoordele op die datum van die staat. Lees asseblief noukeurig deur u staat en kontak Robert van Staden (rwvs@sun.ac.za) indien enige veranderinge aangebring moet word.

9. Aftrede: 'n hartseer einde of 'n nuwe begin

Ons droom almal oor ons aftrede, wanneer ons kan ophou om van nege tot vyf te werk en tyd sal hê om al die dinge te doen waarvoor ons nie in ons werkende jare tyd gehad het- nie. Maar om u drome te kan uitleef, het u geld nodig.

Ongelukkig spaar min mense genoeg vir hulle aftrede en word hulle uiteindelik arm. Baie is selfs afhanklik van hulle kinders of ander gesinslede om hulle te ondersteun. Ander weer herdefinieer aftrede as 'n opwindende tyd om nuwe belangstellings te verken. Aftrede word nie meer as die einde van hulle werkslewe beskou nie, maar tyd vir 'n nuwe begin, die begin van 'n nuwe loopbaan, meer reis, 'n nuwe sakeonderneming of meer tyd vir die gesin.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

Wat is in die VPI-mandjie?

Die algemene VPI-mandjie sluit in:

- Voedsel en nie-alkoholiese drankies
- Alkoholiese drank en tabak
- Klere en skoene
- Behuising en dienste
- Huishoudelike inhoud, toerusting en onderhoud
- Gesondheid
- Vervoer
- Kommunikasie
- Ontspanning en kultuur
- Opvoeding
- Restourante en hotelle
- Veelsoortige goedere en dienste, insluitend versekering en finansiële dienste.

Die meriete van ekstra spaargeld

Die meeste van ons weet dit is belangrik om 'n aftreespaarplan te hê. Pensioene vorm 'n belangrike komponent van aftree-inkomste, maar is selde genoeg om al u aftreebehoefte te dek. Indien u 'n sekere lewenstandaard tydens u aftreejare wil verseker, sal u beslis u aftree-inkomste met persoonlike spaargeld en ander beleggings moet aanvul.

Nóg 'n rede hoekom u ekstra spaargeld sal benodig, is omdat mense nou langer lewe. Die meeste mense wat aftree, sal 'n inkomste benodig vir ten minste 20 jaar ná hulle aftrede. Indien u op 60 sou aftree en vir nog 20 jaar lewe, hoeveel inkomste sal u vir elke jaar van u aftrede benodig, en hoeveel sou u nou moet spaar om die tipe inkomste te genereer wat u lewenstyl sal kan bekostig?

Hoeveel geld is genoeg?

U huidige inkomste is 'n goeie beginpunt om uit te werk hoeveel u vir u aftreejare sal benodig. Finansiële beplanners sê die meeste mense sal tussen 65% en 80% van hulle huidige inkomste benodig om hulle lewenstyl te onderhou wanneer hulle aftree. U kan aanlyn op Alexander Forbes se webblad, www.afonline.co.za, kyk vir 'n intydse aftrede berekenaar wat u sal help uitwerk hoeveel geld u sal benodig.

Begin vroeg

In u 20's en 30's is aftrede 'n leeftyd weg, maar dit is nooit te vroeg om vir u aftrede te begin beplan en spaar nie. Dié wat in hulle 20's begin spaar, het 'n groter kans om 'n groot neseier op te bou en finansiële sukses te behaal.

Voed uself op

Kennis is mag, en finansiële sekuriteit en kennis is nou verbind. Dit is belangrik om 'n breë begrip te hê van basiese beleggingsbeginsels. Voed uself op oor die verskillende spaaropsies wat beskikbaar is en wat moontlik die beste vir u sal wees.

Hoeveel risiko kan u neem?

U beleggingsportefeuille moet pasgemaak wees om u ouderdom, die hoeveelheid geld wat u het en sal benodig, en hoeveel risiko u kan neem, te weerspieël. Onthou dat inflasie 'n groot duik in u spaargeld kan maak. U beleggings moet dus tred hou met inflasie en die moontlikheid dat u vir langer as twee dekades afgetree sal wees om enige kans te hê om u huidige lewenstandaard te kan onderhou.

Die soorte beleggings wat u maak, speel ook 'n belangrike rol in hoeveel u teen u aftrede sou gespaar het. 'n Gediversifiseerde portefeulje van kontant, effekte en aandele sal help om u teen beleggingsrisiko te beskerm. U wil nie al u aftreefondse in hoërisikobeleggings belê nie. Hierdie soort beleggings het dalk hoër opbrengste, maar u moet risiko en opbrengste balanseer om u doelwitte te behaal. Die soort portefeuljes waarin u u geld belê, sal grootliks afhang van u risikotoleransie en hoeveel tyd u het voor u aftree.

Bron: Personal Finance

10. Benoemingsvorm vir begunstigdes

Die trustees het 'n plig om alle kwalifiserende afhanklikes en benoemde begunstigdes te identifiseer wanneer 'n lid van 'n aftreefonds sou sterf. In terme van Artikel 37C van die *Wet op Pensioenfondse* neem die trustees dan die betrokke omstandighede in ag wanneer hulle u enkelbedrag sterftevoordeel moet verdeel nie.

Indien u nog nie 'n benoemingsvorm vir begunstigdes voltooi of bygewerk het nie en dit moeilik is om u gesinslede te kontak, kan daar moontlik tot 12 maande verbygaan voordat u voordele uitbetaal word – juis wanneer u gesin 'n groot behoefte aan finansiële bystand het.

- Werk u benoemingsvorm vir begunstigdes by deur dit te verander wanneer u persoonlike omstandighede verander, soos met 'n huwelik, egskeiding of die geboorte van 'n kind.
- Indien u 'n afhanklike het wat u nie vir 'n deel van die sterftevoordeel wil benoem nie, moet u nog steeds die persoon se naam op u benoemingsvorm van begunstigdes insluit. Sit net 0% by hulle naam en verskaf 'n geldige rede hoekom hulle nie enige van die voordele moet ontvang nie.
- 'n Benoemingsvorm vir begunstigdes kan op die MHB-webblad verkry word:
<http://www0.sun.ac.za/hr/af/dokumente/mh-vorms/>

Dit is baie belangrik dat u begryp dat enige testament wat u opstel nie bindend is op hoe die sterftevoordeel verdeel word nie. Die wet bepaal dat u testament nie kan bepaal hoe u fondsvoordele betaal moet word nie. Indien u testament bepaal dat u sterftevoordeel aan 'n spesifieke persoon uitbetaal moet word, kan die trustees nog steeds u wense van die hand wys en die sterftevoordeel toeken soos hulle glo regverdig is en in ooreenstemming met die *Wet op Pensioenfondse*.

11. Bestuur van die fonds

Elke aftreefonds word deur 'n raad van trustees beheer. Die een helfte van die trustees word deur die werkgewer aangestel en die ander helfte van die trustees word deur u, die lid, verkies.

Die trustees het 'n plig om:

- Die fonds volgens die reëls van die fonds te bestuur, sowel as volgens pensioenfonds- en belastingwetgewing.
- Alle redelike stappe te neem om te verseker dat u belange altyd beskerm word.
- Met sorg, ywer en te goeder trou op te tree.
- Belangebotsings te vermy.
- Namens alle lede en begunstigdes regverdig te handel.
- Seker te maak dat ordentlike beheerstelsels in plek is.
- Seker te maak dat u op 'n gepaste wyse en voldoende kommunikasie ontvang.
- Redelike stappe te neem om te verseker dat bydraes betyds betaal word.
- Kundige raad te verkry waar hulle kundigheid kort.
- Seker te maak dat die funksionering en administrasie van die fonds voldoen aan alle relevante wette.

Die volgende trustees het op die raad van u aftreefonds gedien vir die tydperk in hersiening:

Trustees deur werkgewer aangestel	Prof JU de Villiers Prof JD Krige Mnr J Fouché Prof JF Smith Mnr HAJ Lombard
Trustees deur lede aangestel	Mnr LR Burrows Mnr PW Kloppers Prof E Calitz Prof JH van Rooyen Me G Arangies
Hoofbeampte	Mnr J Kotzé
Voorsitter	Mnr J Fouché

12. Die fonds se diensverskaffers

Die trustees benodig kundige advies om seker te maak dat hulle u aftreegeld op die beste manier moontlik bestuur. Die volgende maatskappy is deur u trustees aangestel om hulle by te staan in die bestuur van u fonds:

Diens	Verskaffer	Opsomming van funksie
Aktuarisse en konsultante	Alexander Forbes Finansiële Dienste	Om die trustees te help en te lei in die bestuur van die fonds en om nakoming van aftreefondswetgewing te verseker. Om die finansiële posisie van die fonds te ondersoek en daarvoor verslag te doen.
Administrateur	Alexander Forbes Finansiële Dienste	Lopende rekordhouding, belê van bydraes, uitreiking van voordelestate en betaling van voordele.
Ouditeure	PriceWaterhouseCoopers	Om die jaarlikse oudit van die fonds se rekenings uit te voer en verslag te doen oor sekere vereistes soos deur die Registrateur van Pensioenfondse bepaal.
Bankiers	Standard Bank	Dit is die bank waar die fonds sy rekenings het, waaruit en waarin fondsgelde betaal word.
Versekerings	Capital Alliance, Old Mutual	Om groeplewensversekering en permanente gesondheidsversekering (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) te verskaf.
Beleggingsbestuurders	Allan Gray, Coronation, Prudential, Contrarius & Investment Solutions	Om die fonds se bates volgens die mandaat wat deur die trustees uiteengesit is, te bestuur.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

13. Belangrike kontakbesonderhede

<i>MH-departement</i>	<i>Fondskonsultant</i>	<i>Pensioenfondsberegter (PFB)</i>
Japie Kotzé Tel.: 021 808 2754 Faks: 021 808 2484 E-pos: jjsk@sun.ac.za	Theo van Wyk Tel.: 021 809 3723 Faks: 021 809 2898 E-pos: vanwykt@forbes.co.za	2 ^{de} Verdieping, Sandown House Sandton Close 2 Sandton 2196 E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za
AND		Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die fonds hanteer word nie. Raadpleeg die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir besonderhede en vir die omstandighede waaronder 'n klag ingedien mag word.
Robert van Staden Tel.: 021 808 4822 Faks: 021 808 2484 E-pos: rwvs@sun.ac.za		
Alle eise of fondsnavrae moet via die MH-departement gedoen word.		